




Conquesta 2014

(Internasionale Meervoudige-keuse Primêre Skool Olimpiades – Gev. 1998)

Conquesta, Posbus 99, Kloof, 3640, Suid-Afrika

Tel: (031) 764-1972 * Faks: (086) 637-7808 of (031) 764-0074

E-Pos adres: conquest@iafrica.com * Webtuiste: www.conquestaolympiads.com



Wiskunde 1 – Graad 5

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood deur **SLEGS** 'n **swart of blou balpunt- of swart kokipen** te gebruik. (*Moet asseblief nie potlode, kleurpotlode, glimpenne, flaterwater of gom gebruik nie.*) Byvoorbeeld, as die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood. (*Sien voorbeeld 1 hieronder.*) Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word (*Sien voorbeeld 2 hieronder.*)

Voorbeeld 1:-

| | | | | |
|----|---|---|--------------------------|---|
| 4. | a | b | <input type="checkbox"/> | d |
|----|---|---|--------------------------|---|

Voorbeeld 2:-

| | | | | |
|----|---|--------------------------|-------------------------------------|---|
| 4. | a | <input type="checkbox"/> | <input checked="" type="checkbox"/> | d |
|----|---|--------------------------|-------------------------------------|---|

*Nuttige wenk:- Wanneer jy getalsinne het wat verskillende bewerkings gebruik, pas die reël van **HADVOA** toe, wat die volgorde van bewerkings is:- Eerstens, bereken dit wat tussen **H**akies is, dan **A**nder (vierkantwortels, mag van, ens.), dan **D**eel en **V**ermenigvuldig (van links na regs omdat hulle gelykstaande is), en dan laastens, **O**ptel en **A**ftrek (ook van links na regs).*

1. Wat is die waarde van die onderstreepte syfer?
 $\underline{7}9\ 602\ 117$
 (a) 900 000 (b) 1 miljoen
 (c) 9 miljoen (d) 900 duisand

2. Wat is
 $2 + 900 + 3000 + 50\ 000 = \dots\dots ?$
 (a) 50 392 (b) 53 902
 (c) 52 920 (d) 53 920

3. Vind die ontbrekende getal.
 $? + 20 = 4\ 010$
 (a) 3 090 (b) 3 980 (c) 3 080 (d) 3 990

4. Watter getal, afgerond tot die naaste honderd, gee 43 300?
 (a) 42 935 (b) 43 249
 (c) 43 294 (d) 43 408

5. Hoe word agt ene, nege duisende, twee honderd-duisende, vier honderde en vyf tiene as 'n getal geskryf?
 (a) 89 245 (b) 209 458
 (c) 259 408 (d) 892 450

Het jy geweet?

- **Verhouding** is hoeveel van een iets daar is in vergelyking met 'n ander iets.
- Die **gemiddelde** van 'n lys getalle is die totaal van die getalle gedeel deur die aantal getalle.
- Die **mediaan** is die getal in die middel van 'n lys getalle nadat die getalle van kleinste tot grootste gerangskik is.
- Die **modus** is die getal wat die meeste voorkom.
- Die **omvang** is die verskil tussen die hoogste en laagste waarde in 'n reeks getalle.
- 'n **Faktor** is 'n telgetal wat presies deel in 'n ander telgetal. Bv. die faktore van 12 is 1, 12, 2, 6, 3, 4, want hul almal deel presies in 12.
- 'n **Priemgetal** het slegs 2 faktore en kan gedeel word deur 1 en homself. 3 is bv. 'n priemgetal want dit het net 2 faktore, 1 en 3.
- 'n **Saamgestelde getal** het meer as 2 faktore.
- Deeltal ÷ deler = kwosiënt, Som is die antwoord van 'n optelsom. Produk is die antwoord van 'n vermenigvuldigingsom. Verskil is die antwoord van 'n aftreksom.
- 8ⁿ beteken 8 tot die mag 4 of 8 maal met homself 4 keer. Bv., 8⁴ = 8 x 8 x 8 x 8 = 4 096.

6. Bereken:-
 $488 \div 23 = \dots\dots$
 (a) 24 res 8 (b) 21 res 5
 (c) 20 res 8 (d) 20 res 5

7. Vind die ekwivalente antwoord:-
 $5^3 = \dots\dots$
 (a) 5 x 5 x 5 (b) 5 + 5 + 5
 (c) 3 x 3 x 3 x 3 x 3 (d) 3 + 3 + 3 + 3 + 3

8. Wat is die gemiddelde van die volgende versameling getalle?
 21, 33, 61, 52, 48, 21, 58
 (a) 21 (b) 40 (c) 42 (d) 48

9. Suzie skat 170, 374 en 260 na die naaste 100de. Dan skat sy die som van dié na die naaste 100. Wat sal die geskatte waarde van die som wees?
 (a) 1100 (b) 1000 (c) 800 (d) 900

10. Identifiseer die priemgetalle in die tabel hieronder en gee hul totaal. (Skryf hul neer aan die regterkant van die tabel en tel hul dan op.)

| | | | | |
|----|----|----|----|----|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |
| 11 | 12 | 13 | 14 | 15 |
| 16 | 17 | 18 | 19 | 20 |

(a) 58 (b) 70 (c) 75 (d) 77

11. Watter letter op die getallelyn is die beste voorstelling van minus ses?

$\leftarrow \begin{array}{cccccccc} & P & Q & R & S & & & \end{array} \rightarrow$
 $\begin{array}{cccccccc} & & & & & & & \end{array}$
 $\begin{array}{cccccccc} & & & -5 & & 0 & & \end{array}$

(a) P (b) Q (c) R (d) S

12. Bereken:
 $3 + 7 \times (5 + 1) \div 3 - 2 = \dots\dots$
 (a) 11 (b) 13 (c) 15 (d) 18